



Taalimplementeringsplan vir 2026¹

03 September 2025

1. INLEIDING

Die Fakulteit AgriWetenskappe erken die waarde van kulturele, linguistiese en ander vorme van diversiteit as 'n bate in pedagogiese, navorsings-, administratiewe en sosiale kontekste binne die Fakulteit en ondersteun gevolglik die beginsel van meertaligheid sonder uitsluiting. Die Fakulteit erken verder die komplekse rol wat taal vervul, en is verbind tot die Taalbeleid van die Universiteit Stellenbosch (US) om inklusiwiteit deur diversiteit te fasiliteer.

In die konteks van die US Taalbeleid is daar spesifieke en belangrike feite wat as 'n rigsgnoer oorweeg moet word in besluite rakende die Fakulteit se Taalimplementeringsplan (TIP). (1) Nasionaal is dit die enigste fakulteit waar AgriWetenskappe steeds as 'n afsonderlike studierigting aangebied word en dit nie met 'n ander fakulteit saamgesmelt het nie, soos by ander universiteite die geval is. (2) Die US is die enigste instelling wat 'n verskeidenheid vakdissiplines aanbied sodat studente gefokusde tersiêre opvoeding in spesifieke landbousektore kan kry. (3) Die landbouksake-sektor is hoofsaaklik Afrikaans en as die toekomstige werkgewers van studente bestaan daar 'n behoefte aan vaardigheid in Afrikaans wat betref die basiese beginsels van die vakmateriaal, sodat studente effektief in die werkplek kan kommunikeer. (4) Die meeste van die eerstejaarsmodules in AgriWetenskappe word deur die Fakulteit Natuurwetenskappe aangebied, wat beteken dat studente die keuse het om in óf Afrikaans óf Engels onderrig te word.

Die grondbeginsel van die Fakulteit se TIP is om te verseker dat taal nie 'n hindernis tot toegang is nie en dat optimale onderrig- en leergeleenthede gevolglik in die Fakulteit bevorder word.

¹ Hierdie plan vervang alle vorige weergawes en geld SLEGS vir die 2026- akademiese jaar.

Die Dekaaanskantoor het met die onderstaande belanghebbendes oorleg gepleeg.

*Departementele Voorsitter = DV ♦ BewEkol = Bewaringsekologie ♦ **Studente via klasverteenvoerders ♦ APK = Akademiese Programkomitee

| Departement | DV* | Personeel | Studente | Oorlegplegingsmodus |
|------------------------|-----|---------------------------------|----------|--|
| Landbou-ekonomie | ✓ | Modulekoördineerders | ✓ | Departementele vergaderings E-poskommunikasie |
| Agronomie | ✓ | C1 | ✓** | Departementele vergaderings E-poskommunikasie |
| Veekundige Wetenskappe | ✓ | APK-lid, C1 | ✓** | E-poskommunikasie |
| BewEkol & Entomologie | ✓ | Modulekoördineerders | - | E-poskommunikasie |
| Elsenburg | - | APK-lid, Fakulteitshoofde | - | E-poskommunikasie |
| Voedselwetenskap | ✓ | APK-lid, C1, C2 | - | Departementele vergaderings E-poskommunikasie |
| Bos- & Houtkunde | ✓ | C1 | ✓ | In-persoon gesprekke Vraelys aan studente |
| Genetika | ✓ | C1, C2, C3, Na-doktorale genote | ✓** | Departementele vergaderings E-poskommunikasie |
| Hortologie | ✓ | C1 | - | Departementele vergaderings E-poskommunikasie |
| Plantpatologie | ✓ | C1 | ✓** | E-poskommunikasie |
| Grondkunde | ✓ | C1 | - | E-poskommunikasie |
| Wingerd- en Wynkunde | ✓ | C1 | ✓** | Departementele vergaderings In-persoon gesprekke |

2. OOGMERKE EN BEVORDERING VAN MEERTALIGHEID

Die Fakulteit se TIP het die volgende oogmerke:

- ❖ om 'n verwelkomende en inklusiewe kultuur te bevorder;
- ❖ om die Fakulteit toeganklik te maak;
- ❖ om respek vir diversiteit onder studente en personeel te bevorder;
- ❖ om uitnemendheid in onderrig en leer, navorsing en gemeenskapsinteraksie te bevorder;
- ❖ om studentesukses te bevorder; en
- ❖ om buigsame oplossings vir enige uitdagings rakende meertaligheid te vind.

Soos voorheen genoem, ondersteun die Fakulteit die Universiteit se beleidsbeginsel van meertaligheid sonder uitsluiting en wil daarom, by wyse van die Fakulteit se TIP, buigsame oplossings vir enige meertaligheidsuitdagings vind. Die tabel hier onder verskaf voorbeelde van hoe meertaligheid bevorder sal word. Deurdadig departemente modules ooreenkomstig paragraaf 7.1.4 van die US Taalbeleid aanbied, word verseker dat (1) alle inligting ten minste in Engels oorgedra word en dat inhoud ook in Afrikaans opgesom en beklemtoon word tydens elke lesing, en (2) vrae wat in Afrikaans of Engels gestel is, waar redelikerwys uitvoerbaar, in dieselfde taal as die vraag beantwoord word. Die modules waarop paragraaf 7.1.4 van die Beleid van toepassing is, is in paragraaf 4 van hierdie dokument gelys onder die subopskrif 'Opsie 2' (bl. 8 tot 14).

Departement Landbou-ekonomie

- ❖ Die meeste dosente is volledig tweetalig. Hulle onderrig in Engels, en op versoek in Afrikaans om sleutelbegrippe op te som of uit te klaar.
 - Twee dosente is slegs in Engels vaardig. Vir die modules wat hierdie personeellede aanbied:
 - word studiemateriaal in Engels en in Afrikaans verskaf; en
 - mag studente werkopdragte en assesserings in Afrikaans of Engels inlewer.
 - Ander doserende personeel binne die Departement sien die Afrikaanse skrifte na.
- ❖ Lesings word aangevul met PowerPoint-aanbiedings in Afrikaans en Engels.

- ❖ Hoewel die handboeke in Engels is, word moduleraamwerke, PowerPoint-aanbiedings, klasnotas, opsommings en verduidelikings van moeilike begrippe asook assesserings in Afrikaans en Engels voorsien.
- ❖ Studente mag assesserings in hulle voorkeurtaal (Afrikaans of Engels) inlewer.
- ❖ Studente moet hulle voorleggings in Engels doen.
- ❖ Kommunikasie met studente via SUNLearn is in Engels.

Departement Agronomie

- ❖ Besprekings oor die onderrigtaal en die Taalimplementeringsplan word aan die begin van die eerste en tweede semesters met studente gehou - hierdie inligting word ook in die moduleraamwerke van die betrokke modules gepubliseer.
- ❖ Klasnotas word in Engels en in Afrikaans voorsien.
- ❖ Die onderrigmateriaal vir sekere modules sluit handboeke en/of wetenskaplike joernaalartikels in wat slegs in Engels beskikbaar is.
- ❖ PowerPoint-skyfies vir lesings word in Afrikaans en Engels voorsien. Studente word meestal ingelig dat die lesingskyfies slegs as studieraamwerk dien en dat dit met notas/handboekinhoud/bykomende leeswerk aangevul moet word.
- ❖ Bykomende leesstof (onder meer wetenskaplike referate) is slegs in Engels beskikbaar.
- ❖ Moeilike begrippe word in Afrikaans en Engels verduidelik.
- ❖ Assessering en administrasie word in Engels en in Afrikaans gelewer.
 - Studente mag assesserings in hulle voorkeurtaal beantwoord.
 - Kommunikasie met studente oor die uitslag van assesserings word in Afrikaans en Engels gelewer.

Departement Veekundige Wetenskappe

- ❖ Voorgraadse onderrigmateriaal word waar moontlik in Afrikaans en Engels verskaf.
- ❖ Waar uitvoerbaar word opsommings en verduidelikings van moeilike begrippe in Afrikaans verskaf.
- ❖ Die onderrigmateriaal vir sekere modules sluit handboeke in wat slegs in Engels beskikbaar is.
- ❖ Waar moontlik word PowerPoint-skyfies vir lesings in Afrikaans en Engels verskaf. Studente word meestal ingelig dat die lesingskyfies slegs as studieraamwerk dien en dat dit met notas/handboekinhoud/bykomende leeswerk aangevul moet word.
- ❖ Bykomende leesstof (onder meer wetenskaplike referate) is slegs in Engels beskikbaar.
- ❖ Waar moontlik word moeilike begrippe in Afrikaans en Engels verduidelik.
- ❖ Sou studente 'n behoefte aan simultane tolkdienste uitspreek, word dit vir die betrokke module verskaf. Tolking word in Engels of Afrikaans of isiXhosa verskaf, na gelang van die module en behoefte.
- ❖ Studente mag assesserings in hulle voorkeurtaal beantwoord.
- ❖ Waar moontlik word kommunikasie met studente oor die uitslag van assesserings in Afrikaans en Engels gelewer.

Departement Bewaringsekologie en Entomologie

- ❖ **Entomologie 314:** Studente word aangemoedig om vir klasbesprekings volgens voorkeurtaal in groepe te verdeel, en mag hulle voorleggings in Afrikaans of Engels doen. Studente mag vrae in Afrikaans of Engels stel. Die dosent vertaal dit dan en beantwoord dit in albei tale indien nodig.
- ❖ **Entomologie 418:** Studente word aan die begin van die eerste semester gevra of simultane tolkdienste tydens lesings nodig is. Assesserings, notas en die meeste van die kursusmateriaal word in Afrikaans en Engels verskaf.
- ❖ **Entomologie 464:** Studente word aan die begin van die tweede semester gevra of simultane tolkdienste tydens lesings nodig is. Assesserings, notas en die meeste van die kursusmateriaal word in Afrikaans en Engels verskaf. Studente mag hulle assesserings in Afrikaans of Engels inlewer.
- ❖ **Nematologie 344:** Studente word aan die begin van die tweede semester gevra of simultane tolkdienste tydens lesings nodig is. Lesings word in Engels aangebied. Formele assesserings, notas en die meeste van die kursusmateriaal word in Afrikaans en Engels verskaf. Studente mag hulle assesserings in Afrikaans of Engels inlewer.
- ❖ **Bewaringsekologie en Entomologie 212:** Notas, skyfies en lesingraamwerke vir Engelse lesings is in Afrikaans beskikbaar. Studente word aangemoedig om vir klasaktiwiteite volgens voorkeurtaal in groepe te verdeel, en mag hulle voorleggings in Afrikaans of Engels doen. Waar toepaslik en uitvoerbaar, is Engels egter die voertaal tydens algemene klasaktiwiteite. Studente mag hulle verslae/werkopdragte in Afrikaans of Engels inlewer. Indien nodig, kan een-tot-een-interaksie – hetsy in die klas of aanlyn – in enigeen van die twee tale plaasvind.
- ❖ **Bewaringsekologie en Entomologie 244:** Lesings word in Engels aangebied. Moduleverwante inligting op SUNLearn en assessering word in Afrikaans en Engels verskaf. Studente mag assesserings in hulle voorkeurtaal beantwoord. Indien nodig, kan een-tot-een-interaksie – hetsy in die klas of aanlyn – in enigeen van die twee tale plaasvind. (Let asseblief daarop dat internasionale studente dikwels vir hierdie module inskryf.)
- ❖ **Bewaringsekologie en Entomologie 314:** Studente word aan die begin van die eerste semester gevra of simultane tolkdienste tydens lesings nodig is. Assesserings en werkopdragte word in Afrikaans of Engels voorsien. Studente word aangemoedig om vir aktieweleer-oefeninge volgens voorkeurtaal in groepe te verdeel, sodat hulle gemaklik met medestudente tydens lesings kan kommunikeer.
- ❖ **Bewaringsekologie en Entomologie 344:** Lesings word in Engels aangebied. Moduleverwante inligting op SUNLearn en assessering word in Afrikaans en Engels verskaf. Studente mag assesserings in hulle voorkeurtaal beantwoord. (Let asseblief daarop dat internasionale studente dikwels vir hierdie module inskryf.)
- ❖ **Bewaringsekologie en Entomologie 414:** Daar word tydens die eerste lesing deur middel van geheime stemming bepaal wat studente se taalbehoefte is. Die integrerende toets en alle werkopdragte word in Afrikaans of Engels voorsien.
- ❖ **Bewaringsekologie en Entomologie 424:** Studente word aan die begin van die semester oor hulle taalvoorkeur geraadpleeg. Hoewel die lesings in Engels is, kan die dosent vrae beantwoord in die

taal waarin dit gestel is. Afrikaans en Engels word tydens besprekings gebruik. Studente mag hulle werkopdragte, ensovoorts in Afrikaans of Engels inlewer. (Let asseblief daarop dat internasionale studente dikwels vir hierdie module inskryf.)

- ❖ **Bewaringsekologie en Entomologie 444:** Studente word aan die begin van die semester gevra of hulle simultane tolkdienste benodig. Studente mag die werkopdragte in Afrikaans of Engels inlewer.
- ❖ **Bewaringsekologie en Entomologie 478:** Studente word aan die begin van die semester oor hulle taalvoorkeur geraadpleeg. Assesserings en werkopdragte word in Afrikaans of Engels voorsien. Studente mag hulle assesserings/werkopdragte in Afrikaans of Engels inlewer.

Departement Voedselwetenskap

- ❖ Die Departement se oogmerk met die TIP is om:
 - te verseker dat taal nie 'n hindernis vir leer of akademiese sukses is nie.
 - studente se akademiese ontwikkeling te ondersteun deur inklusiewe en responsiewe taalpraktyke.
 - geleenthede te ondersoek om die sigbaarheid van isiXhosa in akademiese kontekste te bevorder, binne die bestek van beskikbare hulpbronne.
- ❖ Praktiese en/of tutoriaalsessies word aangebied in groepe met meer as een taal, met 'n demonstrateur/tutor wat in Afrikaans en Engels vaardig is.
- ❖ Geselekteerde lesingmateriaal wat PowerPoint-aanbiedings en SUNLearn-aankondigings insluit, bevat isiXhosa-begroetings en terminologie wat relevant is tot Voedselwetenskap.
- ❖ Samewerking met die Taalsentrum word nagevolg om die geleidelike integrasie van isiXhosa-woordeskat in eerstejaar-modules tot stand te bring.

Departement Bos- en Houtkunde

- ❖ Vir Boskunde 171,
 - PowerPoint-skyfies word in Afrikaans en in Engels voorsien.
 - Die meerderheid assesserings word in Afrikaans en in Engels beskikbaar gestel.
 - Studente mag vrae in enige van die twee tale (Afrikaans of Engels) vra - Afrikaanse vrae sal deur die dosent vertaal word en dan, indien nodig, in albei tale beantwoord word.

Departement Genetika

- ❖ Die Departement se oogmerk met die TIP is om pedagogiese verantwoordbaarheid in ewewig te hou met praktiese uitvoerbaarheid en die behoeftes van personeel en studente ten einde ons akademiese aanbod gelykwaardig, billik en sonder diskriminasie of vooroordeel te lewer in die konteks van 'n multikulturele samelewing wat inklusiwiteit bevorder.
- ❖ Na deeglike oorweging van personeelkapasiteit en studente se voorkeurtaal, gebaseer op data uit 2024 en 2025, onderskryf die Departement hoofsaaklik die enkelmedium-opsie. Hierdie

benadering is beide redelik en prakties, met inagneming van die vermoëns van individuele dosente en ander personeel, asook die huidige voorkeurtaal van onderrig onder studente, wat tans op 90% Engels staan vir modules wat deur die Departement bestuur word.

- ❖ Praktiese en/of tutoriaalsessies word aangebied in groepe met meer as een taal, met 'n demonstrateur/tutor wat in Afrikaans en Engels vaardig is.
- ❖ Alle klasnotas, materiaal vir tutoriaal- en praktiese sessies, en assesserings is in Afrikaans en Engels beskikbaar.

Departement Hortologie

- ❖ Alle modules (buiten Gewasproduksie 214 en Hortologie 314) is in die dubbelmediummodus, en die lesings is hoofsaaklik in Engels, met sinchroniese tolking in Afrikaans.
 - PowerPoint-aanbiedings vir hierdie modules bevat Afrikaanse en Engelse teks op dieselfde skyfie om *in situ*-leer in die voorkeurtaal te bevorder.
 - Dosente laat wel toe dat studente vrae in Afrikaans stel en antwoord hulle daarin, en vertaal dan die vraag en antwoord in Engels.
 - Opsommings en verduidelikings van moeilike begrippe word in Afrikaans verskaf.
- ❖ Die moduleraamwerk, formele klasmateriaal en PowerPoint-aanbiedings vir alle modules is in Afrikaans en Engels beskikbaar.
- ❖ Bykomende leesstof (boeke en artikels) is slegs in Engels beskikbaar.
- ❖ Asseserings en take word in Afrikaans en Engels voorsien. Studente mag toetsantwoorde en skriftelike werkopdragte in hulle voorkeurtaal (Afrikaans of Engels) inlewer.

Departement Plantpatologie

- ❖ Alles modules word in Engels aangebied, met bykomende ondersteuning in Afrikaans.
- ❖ Opsommings en verduidelikings van moeilike begrippe word in Afrikaans verskaf.
- ❖ Alle formele klasmateriaal, notas, PowerPoint-aanbiedings, moduleraamwerke en praktiese handleidings is in Afrikaans en Engels beskikbaar.
- ❖ Bykomende leesstof is slegs in Engels beskikbaar.
- ❖ Asseserings en werkopdragte word in Afrikaans of Engels voorsien.
- ❖ Studente mag hulle toetse en antwoorde in hulle voorkeurtaal (Afrikaans of Engels) inlewer.
- ❖ Dosente laat toe dat studente vrae in Afrikaans en Engels stel en antwoord hulle in dieselfde taal.

Departement Grondkunde

- ❖ Alle modules word in Engels aangebied, met bykomende ondersteuning in Afrikaans.
- ❖ Alle formele klasmateriaal, notas, PowerPoint-aanbiedings, moduleraamwerke en praktiese handleidings is in Afrikaans en Engels beskikbaar.
- ❖ Handboeke en bykomende leesstof is slegs in Engels beskikbaar.

- ❖ Assesserings en werkopdragte word in Afrikaans of Engels voorsien.
- ❖ Studente mag hulle toetse en antwoorde in hulle voorkeurtaal (Afrikaans of Engels) inlewer.

Departement Wingerd- en Wynkunde

- ❖ 'n Omvattende tegniese woordeboek wat wynverwante terme insluit, sal in Engels, isiXhosa en Afrikaans word aan studente beskikbaar gestel. Hierdie hulpbron is via SUNLearn beskikbaar om veeltalige ondersteuning in die studie van wynkunde te bevorder.
- ❖ In wyn-evalueringsklasse word studente aangemoedig om al die beskikbare tale te gebruik om wyn te beskryf. Waar dit moontlik is, sal besprekings oor tegniese aspekte terme in isiXhosa insluit om 'n meer inklusiewe begrip van die vakgebied te bevorder.

3. ONDERRIG TAAL

Kommunikasie oor onderrig, leer en administrasie word in Afrikaans en Engels verskaf. Die besonderhede van die TIP word bepaal deur pedagogiese en administratiewe behoeftes, wat die behoeftes van studente en die taalvermoëns van personeel insluit.

Taalpraktyk in onderrig: voorgaads

Voorgraadse studente kan in Afrikaans en/of Engels studeer. Onderrigpersoneel verskaf toegang tot leermateriaal in enigen van die twee tale. Die taalreëlings vir elke besondere module word in die betrokke moduleraamwerk op SUNLearn bekendgemaak. In die pedagogiese ruimte vind die praktiese implementering van die taal binne die realiteite van die spesifieke dissiplines, sowel as die studente se behoeftes en die dosente se taalvaardighede plaas.

Opsie 2

- ❖ Waar parallelmediumonderrig nie beskikbaar is nie, word voorgraadse lesings in Engels verskaf, met bykomende ondersteuning soos dosentnotas, vermengdeleer, tolkdienste en terminologielyste. Opsommings en/of verduidelikings word in Afrikaans verskaf. Paragraaf 7.1.4 van die US Taalbeleid bereël sulke gevalle en wel soos volg:

“7.1.4 Vir voorgraadse modules waar sowel Afrikaans as Engels in dieselfde klasgroep gebruik word, is die kombinasie van gefasiliteerde leergeleenthede soos volg:

7.1.4.1 Gedurende elke lesing word alle inligting in ten minste Engels oorgedra, en word inhoud ook in Afrikaans opgesom of beklemtoon. Vrae in Afrikaans en Engels word, waar dit redelikerwys doenlik is, in die taal van die vraag beantwoord.

7.1.4.2 Studente word in Afrikaans en Engels ondersteun gedurende 'n kombinasie van toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of geskeduleerde tutoriale en praktika).

7.1.4.3 Vir eerstejaarmodules stel die US gedurende elke lesing simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar. In die tweede en daaropvolgende studiejaar stel die US simultane tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar op versoek

van 'n fakulteit, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdienste in 'n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.”

- ❖ Die onderstaande maatreëls is ingestel om toegang tot kursusinhoud, lesingmateriaal en aktiwiteite te verseker.
 - Tutoriale is in Afrikaans en in Engels beskikbaar.
 - Leermateriaal vir gebruik tydens lesings of tutoriale, of op e-leerplatforms, word in Afrikaans en Engels verskaf.
 - Bykomende ondersteuning is beskikbaar vir studente wat uitdagings rakende taal en/of vakinhoud ervaar.
 - Werkopdragte en toets- en eksamenvraestelle word in Engels en Afrikaans voorsien, en studente mag Afrikaans of Engels gebruik in toetse, eksamens, werkopdragte, verslae, seminare, ensovoorts. Ander nasienreëlings word getref waar dosente nie in Afrikaans vaardig is nie.

- ❖ Hierdie opsie is op die volgende modules van toepassing.
 - Agronomie 212
 - Agronomie 3XYa
 - Agronomie 3XYb
 - Agronomie 322
 - Agronomie 324
 - Agronomie 332
 - Agronomie 342
 - Agronomie 362
 - Diere-anatomie en -fisiologie 214
 - Dierefisiologie 324
 - Dierefisiologie 344
 - Dieregesondheid 342
 - Diereproduksie 214
 - Diereproduksiefisiologie 112
 - Dierevoedingkunde 324
 - Dierevoedingkunde 344
 - Gewasbeskerming 152
 - Gewasbeskerming 244
 - Gewasproduksie 151
 - Gewasproduksie 152
 - Grondkunde 114
 - Grondkunde 142

Grondkunde 214
Grondkunde 222
Grondkunde 244
Grondkunde 314
Grondkunde 344
Hortologie 222
Hortologie 342
Hortologie 352
Hortologie 362
Inleiding tot Diervoeding 244
Landbou-ekonomie 234
Landbou-ekonomie 242
Landbou-ekonomie 262
Landbou-ekonomie 314
Landbou-ekonomie 334
Landbou-ekonomie 354
Landbou-ekonomie 364
Plantpatologie 314
Plantpatologie 344
Veekunde 144
Veeprodukkunde 334
Voedselwetenskap 144
Voedselwetenskap 214
Voedselwetenskap 244
Voedselwetenskap 324
Voedselwetenskap 344
Voedselwetenskap 354
Voorligting (Elsenburg) 212
Voorligting (Elsenburg) 242
Wingerd- en Wynwetenskappe 142
Wingerd- en Wynwetenskappe 212
Wingerd- en Wynwetenskappe 278
Wingerd- en Wynwetenskappe 378
Wingerd- en Wynwetenskappe 444
Wingerd- en Wynwetenskappe 454
Wingerd- en Wynwetenskappe 478
Wingerdwetenskappe 214
Wingerdwetenskappe 244
Wingerdwetenskappe 314
Wingerdwetenskappe 344

Wingerdwetenskappe 444

Wingerdwetenskappe 452

Wynwetenskappe 214

Wynwetenskappe 244

Wynwetenskappe 314

Wynwetenskappe 344

Wynwetenskappe 446

Opsie 3

- ❖ Weens die unieke konteks van die Fakulteit is die toegewese dosente dikwels slegs in óf Afrikaans óf Engels vaardig. Tolkdienste soos deur die US Taalbeleid voorgeskryf word tydens lesings voorsien. Leergeleenthede buite die klaskamer word in Afrikaans en Engels aangebied.
- ❖ 'n Elektroniese geheime stemming mag gehou word om 'n opname onder die studente in 'n sekere klasgroep te doen wat die gebruik van 'n enkele onderrigtaal betref.
- ❖ Paragraaf 7.1.5 van die US Taalbeleid bereël sulke gevalle en wel soos volg:

“7.1.5 In die volgende gevalle sal voorgraadse lesings in slegs een taal aangebied word:

 - 7.1.5.1 Waar die aard van die leerstof in die module dit regverdig, byvoorbeeld as die module oor die taal self handel.
 - 7.1.5.2 Waar die toegewese dosent in slegs Afrikaanse of slegs Engelse onderrig vaardig is. Vir hierdie modules word bykomende steun voorsien:
 - (a) Indien die lesings in Afrikaans is, stel die US gedurende elke lesing simultane Engelse tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar. Indien die lesings in Engels is, stel die US gedurende elke lesing van eerstejaarmodules simultane Afrikaanse tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar. In die tweede en daaropvolgende studiejare stel die US simultane Afrikaanse tolking hetsy op die perseel of aanlyn beskikbaar op versoek van 'n fakulteit, indien die studente se behoeftes die diens regverdig en die US oor die hulpbronne beskik om dit te voorsien. Indien twee weke verloop sonder dat enige studente van die tolkdien in 'n module gebruik maak, kan die diens gestaak word.
 - (b) Benewens lesings, en waar dit redelikerwys doenlik is, word toepaslike, gefasiliteerde leergeleenthede (byvoorbeeld konsultasies in kantoortyd, of normale geskeduleerde tutoriale en praktika) in Afrikaans en Engels voorsien.
 - 7.1.5.3 Waar alle studente in 'n klasgroep genooi is om deur middel van 'n geheime stemming te stem, en daardie studente wat stem, eenparig daartoe toestem, sal die module in slegs Afrikaans of slegs Engels aangebied word, mits die betrokke dosente en onderrigassistentente die nodige akademiese taalvaardigheid het en instem om dit te doen.”

❖ Hierdie opsie is van toepassing op die volgende modules.

Bewaringsekologie 212

Bewaringsekologie 244

Bewaringsekologie 314

Bewaringsekologie 344

Biometrie 212

Biometrie 242

Biometrie 311

Boskunde 171 (7.1.5.2 geld)

Boskunde 212

Boskunde 254

Boskunde 334

Boskunde 355

Boskunde 356

Boskunde 364

Dieregesondheid 342

Entomologie 314

Genetika 214

Genetika 215

Genetika 244

Genetika 245

Genetika 314

Genetika 315

Genetika 324

Genetika 344

Genetika 345

Genetika 354

Gewasproduksie 214

Hortologie 314

Houtprodukkunde 224

Houtprodukkunde 234

Houtprodukkunde 244

Houtprodukkunde 255

Houtprodukkunde 264

Houtprodukkunde 335

Houtprodukkunde 346

Nematologie 344

Veeprodukkunde 334

Voedselwetenskap 314

Voedselwetenskap 333

Voedselwetenskap 353

Uitsonderings

- ❖ Die onderstaande modules word by Elsenburg Landbou-opleidingsinstituut aangebied en volg die bepalings van paragraaf 7.1.4 van die US Taalbeleid, met die uitsondering dat geen tolking verskaf word ingevolge 7.1.11.2 van die Beleid nie, wat soos volg lui:

“7.1.11 Fakulteite kan in spesifieke gevalle ’n vrystelling van die beleidsbepalings in hierdie paragraaf 7.1 motiveer, maar slegs as die vrystelling:

7.1.11.1 met die beginsels van hierdie Beleid strook; en

7.1.11.2 geregverdig word deur die menslike en fisiese hulpbronne wat die Universiteit voorsien, pedagogiese kwessies, of fakulteitspesifieke oorwegings; en

7.1.11.3 goedgekeur word deur die betrokke fakulteitsraad, saam met die regverdiging voorgelê word aan die Senaat, en finaal goedgekeur word deur die Senaat, of, in dringende gevalle, die Uitvoerende Komitee van die Senaat.”

- ❖ Hierdie opsie is op die volgende modules van toepassing.

Agri-besigheidsbestuur 112

Agri-besigheidsbestuur 142

Agri-besigheidsbestuur 212

Agri-besigheidsbestuur 242

Agri-besigheidsbestuur 313

Agri-besigheidsbestuur 343

Agronomie (Elsenburg) 212

Agronomie (Elsenburg) 222

Agronomie (Elsenburg) 242

Agronomie (Elsenburg) 252

Agronomie (Elsenburg) 313

Agronomie (Elsenburg) 321

Agronomie (Elsenburg) 322

Agronomie (Elsenburg) 332

Agronomie (Elsenburg) 342

Agronomie (Elsenburg) 343

Agronomie (Elsenburg) 351

Beginsels van Landbouwetenskap 111

Beginsels van Landbouwetenskap 121

Beginsels van Landbouwetenskap 141

Biologie (Elsenburg) 113

Biologie (Elsenburg) 143

Dieregesondheid (Elsenburg) 222

Dieregesondheid (Elsenburg) 322
Dieregesondheid (Elsenburg) 332
Diereproduksie (Elsenburg) 212
Diereproduksie (Elsenburg) 242
Diereproduksie (Elsenburg) 262
Diereproduksie (Elsenburg) 312
Diereproduksie (Elsenburg) 321
Diereproduksie (Elsenburg) 332
Diereproduksie (Elsenburg) 342
Diereproduksie (Elsenburg) 351
Diereproduksie (Elsenburg) 352
Diereproduksie (Elsenburg) 353
Diereproduksie (Elsenburg) 361
Diereproduksie (Elsenburg) 362
Entrepreneurskap (Elsenburg) 221
Gewasbeskerming (Elsenburg) 141
Gewasbeskerming (Elsenburg) 242
Grondkunde (Elsenburg) 112
Grondkunde (Elsenburg) 142
Grondkunde (Elsenburg) 212
Hortologie (Elsenburg) 212
Hortologie (Elsenburg) 242
Hortologie (Elsenburg) 312
Hortologie (Elsenburg) 322
Hortologie (Elsenburg) 331
Hortologie (Elsenburg) 332
Hortologie (Elsenburg) 342
Hortologie (Elsenburg) 351
Hortologie (Elsenburg) 352
Hortologie (Elsenburg) 361
Kelderbestuur (Elsenburg) 314
Kelderbestuur (Elsenburg) 341
Kelderbestuur (Elsenburg) 343
Kommunikasie (Elsenburg) 111
Kommunikasie (Elsenburg) 211
Landbou-ingenieurswese (Elsenburg) 142
Landbou-ingenieurswese (Elsenburg) 213
Landbou-ingenieurswese (Elsenburg) 243
Landbou-ingenieurswese (Elsenburg) 311
Landbou-ingenieurswese (Elsenburg) 321

Landbou-ingenieurswese (Elsenburg) 341
Landbou-ingenieurswese (Elsenburg) 351
Natuurlikehulpbronbestuur 142
Natuurlikehulpbronbestuur 242
Natuurlikehulpbronbestuur 311
Natuurlikehulpbronbestuur 341
Rekenaarvaardigheid (Elsenburg) 112
Voorligting (Elsenburg) 312
Voorligting (Elsenburg) 322
Voorligting (Elsenburg) 344
Wingerdkunde (Elsenburg) 212
Wingerdkunde (Elsenburg) 242
Wingerdkunde (Elsenburg) 313
Wingerdkunde (Elsenburg) 321
Wingerdkunde (Elsenburg) 344
Wingerdkunde (Elsenburg) 352
Wynkunde (Elsenburg) 212
Wynkunde (Elsenburg) 242
Wynkunde (Elsenburg) 311
Wynkunde (Elsenburg) 313
Wynkunde (Elsenburg) 321
Wynkunde (Elsenburg) 342
Wynkunde (Elsenburg) 351
Wynkunde (Elsenburg) 361

Taalpraktyk in onderrig: nagraads

Engels is die voertaal vir onderrig en kommunikasie in die nagraadse aanbod. Soos die Taalbeleid voorstel, mag finalejaarmodules en nagraadse onderrig in enigeen van die twee tale aangebied word na gelang van taalvaardigheid en soos ooreengekom.

4. ADMINISTRATIEWE TAAL

Kommunikasie vir administratiewe doeleindes geskied in Afrikaans en Engels. Dit wil sê:

- ❖ Alle administratiewe kommunikasie met voorgraadse studente is in Afrikaans sowel as Engels (bv. kommunikasie uit die Dekanskantoor en departemente, inligting op webbladsye, Jaarboek-inskrywings en reklamemateriaal), na gelang van die konteks;
- ❖ Engels is die amptelike voertaal op nagraadse vlak;
- ❖ Korrespondensie met en vanuit die Dekanskantoor, Fakulteitskomitees en dokumente van die Fakulteitskomitee is in Afrikaans en/of Engels, volgens die beginsel dat alle inligting vir alle deelnemers toeganklik moet wees;

- ❖ Fakulteitsraadvergaderings geskied op 'n buigsame manier in Afrikaans en Engels, met deelname in Afrikaans en Engels.

5. TAALTERUGVOER IN DIE FAKULTEIT

- ❖ Meganismes vir studente-terugvoer sluit spesifieke vrae oor die praktyk en ervaring van taalgebruik in onderrigmodules in as deel van die studente-terugvoerstelsel. Die terugvoer is vir dosente, departementele voorsitters en die Dekaan beskikbaar.
- ❖ Meganismes vir dosente-terugvoer sluit spesifieke vrae oor die praktyk en ervaring van taalgebruik in onderrig in as deel van die dosente-terugvoerstelsel. Dosente kan onderrigtaal met hulle departementele voorsitter bespreek en daaroor besin.
- ❖ Enige bekommernisse oor taalpraktyk word soos volg hanteer.
 - Studente moet die saak aanmeld by hulle klasvertegenwoordiger, wat dit verder met die dosent(e) moet opneem.
 - Sou die verwagte uitkoms nie bereik word nie, moet die saak eers na die modulekoördineerder geëskaleer word, dan na die departementele voorsitter en uiteindelik na die Dekaanskantoor.
- ❖ Departementele Voorsitters moet soos volg oor taalsake terugvoer gee:
 - by die kwartaallikse Departementelevoorsittersforum wat die Dekaan bywoon; en
 - binne die raamwerk van hulle departement se jaarlikse strategiese plan aan die Dekaan oor beste praktyk en uitdagings.
- ❖ Dosente mag tydens hulle jaarlikse prestasiebeoordeling oor hulle belewenis van die Fakulteit se TIP terugvoer gee.

6. ENIGE ADDISIONELE ASPEKTE WAT NIE IN VORIGE AFDELINGS AANGEROER IS NIE

Geen.

7. SLOTOPMERKING

Die Taalimplementeringsplan 2026 onderskryf die Fakulteit AgriWetenskappe se verbintenis tot veeltaligheid, inklusiwiteit en studentesukses. Deur te belyn met die Universiteit se Taalbeleid en in reaksie op personeelkapasiteit, studente-voorkeure en vakspesifieke behoeftes, verseker die Plan dat taal toegang tot leer ondersteun eerder as om dit te belemmer. Deur jaarlikse hersiening en deurlopende terugvoering sal die Fakulteit die Plan aanpas om relevant en volhoubaar te bly, en om sodoende taal as 'n hulpbron vir toegang en 'n drywer vir uitnemendheid in onderrig, leer en navorsing te gebruik.
